Die ABC van belasting

Is jy een van miljoene Suid-Afrikaners wat elke jaar tot op die nippertjie wag om jou belastingvorm in te vul?

Gebruik dan dié nuttige gids, opgestel in samewerking met Ralf Metz, belastingkenner en skrywer van *Minder Vir Jan Taks*, en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), om die belastingvorm te ontsyfer.

Aftrekkings
Verskeie wettige aftrekkings word toegelaat wat bydraes tot ‘n pensioenfonds, skenkings, mediese en tandheelkundige uitgawes, slytasie van bates wat vir werksdoeleindes gebruik word, oninbare skulde en regskostes.

Belastingpligtiges
‘n Belastingpligtige is enige persoon wat belasting moet betaal en enige persoon wat ‘n belastingopgawe moet indien al hoef hy nie belasting te betaal nie. Die woord *persoon* verwys ook in dié geval na maatskappye, beslote korporasies, bestorwe boedels, klubs, trusts en enige ander regspersoon wat onderworpe is aan belasting.

Dividende
Dividende op beleggings, soos jou aandeleportefeulje of effektetrusts, is vrygestel van belasting.

Eie besigheid
Algemene oorhoofse kostes wat jy aangaan om ‘n eie besigheid te bedryf is aftrekbaar. Dit sluit in:

- Uitgawes soos huur, eiendomsbelasting, water en elektrisiteit, rente op ‘n verband, instandhouding, herstelwerk en versekering van jou besigheidsperseel.
- Kantoortoerusting soos faks- en antwoordmasjiene, rekenaars, drukkers, meubelhuur, waardevermindering van toerusting, skryfbehoeftes en noodsaaklike boeke.
- Lidmaatskapsgelde vir enige professionele vereniging waaraan jy moet behoort.
- Alle posgelde en advertensiekostes wat betrekking het op jou besigheid.
- Verversings vir kontakte, besigheidsetes, koste van hotelverblyf, motorhuur, trein- of vliegtuigkaartjies wat betrekking het op 'n besigheidsreis.

Finansiële jaar
Die 2009-finansiële jaar strek van 1 Maart 2008 tot 28 Februarie 2009. Dit beteken dat jy al jou inkomstes en uitgawes gedurende dié tydperk in aanmerking moet neem by die invul van jou belastingvorm. Vir die 2010-belastingjaar sal die datums van 1 Maart 2009 tot 28 Februarie 2010 strek.

Getroudes en belasting
Beide gades kwalifiseer sedert 1 Maart 1999 elk as volwaardige belastingpligtige wat beteken dat elkeen sedertdien op sy of haar eie inkomste belas word. Maar, as julle binne gemeenskap van goedere getroud is, vorm alle bates wat jy en jou gade voor die huwelik besit of tydens die huwelik opgebou het deel van die gemeenskaplike boedel. Dit beteken dat jy en jou gade as mede-eienaars van hierdie bates elk ‘n gelyke en onverdeelbare deel besit. Enige inkomste uit dié bates word in gelyke dele aan elke gade toegeskryf.

Hulp is byderhand
Gaan kyk by die SA Inkomstediens se webblad, www.sars.org.za, vir die kontaknommers van jou plaaslike belastinggaarder. Of bel die SARS oproepsentrum by 0800 00 7277.

Inkomstebelasting
Inkomstebelasting is die Staat se hoofbron van inkomste en word volgens die Inkomstebelastingwet van 1962 (Wet Nr. 58 van 1962) deur die SA Inkomstediens (SAID) op alle inwoners ingevorder.

Kortings
‘n Primêre korting word aan elke belastingpligtige toegestaan en ‘n sekondêre korting aan persone van 65 jaar en ouer. Vir die 2009 belastingjaar is die gewone korting R9 756en vir mense wan 65 jaar en ouer, is die sekondêre korting R5 400.

LBS
Die Lopende Betaalstelsel (LBS), ook bekend as werknemersbelasting, is die bedrag wat vooraf deur jou werkgewer van al jou besoldings afgetrek word. Dit is belangrik om te onthou dat LBS slegs van jou inkomste afgetrek word indien jy besoldiging ontvang. Besoldinging sluit onder meer in: salaris, verlofuitbetaling, toelaes, lone, oortydbetaling, bonus, gratifikasie, kommissie, fooie, vergoeding, pensioen, annuïteit en skeidingspakkette.

Minderjarige kinders
As jou minderjarige kind ‘n inkomste verdien, maak dit nie deel uit van die ouer se inkomste nie. Jou enigste betrokkenheid is in die rol van verteenwoordigende belastingpligtige met betrekking tot die kind se inkomste. Dit beteken dus dat jy namens jou kind moet aansoek doen om registrasie as ‘n belastingpligtige, die inkomstebelastingopgawe moet invul en seker maak dat die belasting verskuldig betyds betaal word.

Netto besoldinging
Dié term verwys na jou besoldiging wat oorbly nadat al die aftrekkings deur jou werkgewer gedoen is. En dis ook waarop jy belas word.

Ouer as 65
Mense ouer as 65 jaar betaal nie belasting op ‘n inkomste van R50 000 of minder nie. Indien hulle van ‘n rente-inkomste afhanklik is, is hul inkomste tot R16 000 belastingvry. Boonop is bejaardes op twee kortings geregtig – die primêre korting asook ‘n sekondêre korting.

Pensioenfondse
Bydraes tot ‘n pensioenfonds is gewoonlik sowat sewe persent van jou pensioendraende inkomste. By aftrede mag jy ‘n kontantonttrekking van tot een derde van die kapitaalwaarde in jou fonds doen. Die bedrag wat belastingvry is, is R120 000 of R4 500 x n (“n” stel die aantal jare voor wat jy tot die fonds bygedra het). Die res van die enkelbedrag word dan teen jou gemiddelde belastingkoers belas.

Reistoelae
Indien jy baie moet rondreis vir ‘n inkomste, is jy geregtig daarop om ‘n gedeelte van belasting te verhaal. Gestel byvoorbeeld 3/5 van die kilometers wat jy gedurende die jaar afgelê het was terwyl jy besig was om 'n inkomste te genereer. Hou noukeurig boek van jou kilometerlesing, asook jou motor se diensrekord en onderhoudskostes. Hierdie rekords moet saam met jou belastingaanslag ingedien word.

Die formule om jou reisonkostes uit te werk vir 'n spesifieke finansiële jaar is:

$$\frac{\text{Besigheidskilometers}}{\text{Totale kilometers}} \times \frac{\text{Werklike koste}}{1}$$

Byvoorbeeld: veronderstel jou kilometerlesingrekord vir die jaar toon jy het in totaal 14 350 kilometers afgelê. Dit beteken 3/5 daarvan is vir besigheidsdoeleindes aangewend en die res was persoonlik. Jou motor se brandstof, olie, slytasie, lisensie, diens, bande, versekering en nommerplate het R5 698.34 (werklike koste) gekos. Die formule lyk nou so:

$$\frac{8\,610}{14\,350} \times \frac{5\,698.34}{1}$$

$$= \frac{49062707}{14\,350}$$

= R3 419.00 (die wettige bedrag wat jy vir jou motor kan aftrek)

SIBW
SIBW – Standaard Inkomstebelasting op Werknemers – se hoofdoelwit is om te verseker dat die bedrag wat jou werkgewer jaarliks van jou besoldiging aftrek, gelyk is aan die finale inkomstebelastingverpligting wat die individu in die jaar van aanslag verskuldig is. Dit beteken dat as jy minder as R60 000 per jaar uit ‘n voltydse inkomste verdien, jy nie ‘n belastingvorm hoef in te vul nie. Jou belasting is klaar betaal, hetsy op ‘n daaglikse, weeklikse of maandelikse basis, en dit is klaar deur jou werkgewer afgetrek en aan die SAID oorbetaal.

Uittreeannuïteite
‘n Uittreeannuïteit is ‘n produk wat jy aankoop om in jou bykomende aftreekapitaal te voorsien. Die grootste voordeel van ‘n uittreeannuïteit is die belastingvoordeel daaraan verbonde aangesien jy toegelaat word om jou premies volgens ‘n vasgestelde formule as ‘n aftrekking te eis.

Voorlopige belasting
Voorlopige belasting is veronderstel om belastingpligtiges tegemoet te kom met hul belastingverpligtinge deur hulle in staat te stel om twee keer per jaar belasting te betaal in plaas van slegs ’n eenmalige jaarlikse bedrag. Sodoende kan hulle hul belastingverpligtinge in twee deel en nie ‘n enkele groot bedrag betaal nie en die geld is vir ses maande van die jaar tot hulle beskikking om tot hul eie voordeel aan te wend.
‘n Voorlopige belastingbetaler is enigiemand wat ‘n inkomste verkry wat nie binne die omskrywing van besoldiging val nie; enige direkteur van ‘n private maatskappy; enige lid van ‘n beslote korporasie; enige maatskappy en enige persoon wat deur die Kommissaris in kennis gestel word dat hy ‘n voorlopige belastingpligtige is.

Werkloosheidsversekering
Werkgewers moet elke maand, voor die sewende van die maand, namens hul werknemers werkloosheidsversekering aan die SAID oorbetaal. Dié bedrag is gegrond op een persent van die werknemer se salaris of loon tot ‘n maksimum van R8 836 per maand en word direk van die loon of salaris afgetrek.

(Opgedateer 12/11/2009)